

Som-foendi's na Taiwan

Mariska Batt

Ses wiskunde-foendi's van Pretoria het onlangs in Taipei in Taiwan aan die 13de Pama-abakus-en-hoofreke-kompetisie deelgeneem en elk 'n bronstroeie huis toe gebring.

Janine Robson (8) van die Laerskool Totiusdal, Eben Pienaar (9) van die Laerskool Pierneef, Zandri Boshoff (10) van die Laerskool Die Poort, Albert Marais (8) van die Laerskool Pretoria-Oos, Henco van der Mescht (10) van die Laerskool Skuilkrans en Reyn Reyneke (9) van die Laerskool Stephanus Roos was deel van 'n groep van 24 kinders landwyd wat aan die kompetisie deelgeneem het.

Dié slimkoppe is almal lede van die Pama-klub en moes al hul kennis inspan vir die vraestelle wat hulle in dié toernooi deur 'n Japanse abakus-tegniek moes bemeester.

"Dit was *awesome* in Taiwan! Ek het baie daarvan gehou om in die groot vliegtuig te vlieg en alles op die aarde te sien klein word," sê Janine.

"Die kompetisie was baie lekker. Ek was verbaas om te sien hoe vinnig die Chinese kinders op hul abakusse werk, maar ek was nie bang nie, want ek het net my bes gedoen," voeg sy by.

Vir Henco was die hele ervaring ook baie lekker. "Ek het net nie van die kos en die slegte reuke gehou nie," sê hy.

Gelukkig was die somme dieselfde as wat hulle in Suid-Afrika geoeven het.

Om vir die Pama-klub te kwalifiseer moes die jong klomp binne 'n sekere tyd ses vraestelle van die Soroban-opvoedkundige hoofrekenkondestelsel (Semas) voltooi.

Semas behels optel, aftrek, maal en deel, asook hoofrekenendeur middel van 'n Japanse abakus.

Hulle het in Oktober 2011 vir die Pama-klub gekwalifiseer en meer as 'n jaar lank ekstra klasse ingewerk om vir die Pama-abakus-en-hoofreke-kompetisie voor te berei.

Hoewel al ses nog baie jonk is, is hul drome vir die toekoms reeds baie groot.

Eben weet nou al hy wil eendag 'n paleontoloog word.

"Dinosaurusse is my ding," sê hy.

Eben voeg by die hele ervaring hiet hom geleer harde werk het lekker gevolg.

"Dit was 'n baie lekker vakansie," sê hy.

Die hele groep was baie positief oor hul prestasies en het elk op sy eie tyd baie hard gewerk om daar te kom.



Ses Pretoriase slimkoppe het onlangs aan die Pama-abakus-en-hoofreke-kompetisie in Taiwan deelgeneem. Voor staan Janine Robson, Eben Pienaar, Zandri Boshoff en Albert Marais. Agter is Henco van der Mescht, Elette Coetzee (Semas se Pretoria-Oos-afrigter) en Reyn Reyneke.